SÊ JOU SÊ

# VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN SUBRAADSGRENSE

**Die Konsepverordening op Subrade stel nuwe grense voor vir 20 subrade en klusters wat aan wyke grens om hierdie nuwe subrade te vorm. Die Raad het nuwe subraadsgrense oorweeg met die oog op:**

1. Groter sinergie in dienslewering deur so ver as moontlik subraadsgrense met lyndepartemente se diensleweringsgebiede in lyn te bring;
2. Vereenvoudiging van subraadsgrense deur die aantal subrade van 21 na 20 te verminder;
3. Bewerkstelling van fiskale omsigtigheid en beter begrotingsbesparingsmaatreëls by te dra deur die koste van een subraad se begroting te verminder.

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge artikel 21 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, dat die publiek en belangstellende partye of groepe die geleentheid gebied om van 9 Julie 2024 tot 30 Julie 2024 kommentaar of voorstelle by die munisipaliteit in te dien.

**Dien kommentaar, aanbevelings of insette in per:**

- E-pos: Public.Participation@capetown.gov.za
- Aanlyn: www.capetown.gov.za/collaborate
- Per hand: By subraadskantore

Persone wat nie kan lees of skryf nie, persone met gestremdhede en persone uit benadeelde groepe wat nie skriftelik kommentaar kan indien nie, moet 0800 212 176 (tolvrye nommer) skakel om hul kommentaar te laat aanteken.

**'n Afskrif van die konsepverordening is op die Stad Kaapstad se webwerf:** www.capetown.gov.za/collaborate, en by subraadskantore en biblioteke ter insae beskikbaar.

**Kontak Keith Miller (korporatiewe dienste) by 021 400 2285 of subcouncils.support@capetown.gov.za vir verdere navrae.**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA83/2024

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.